

Multimodaliteit as vertaaluitdaging van strokiesprentvertaling: *Calvin and Hobbes* as gevallestudie

Lerie Tredoux

Lerie Tredoux, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

'n Vertaler kan die vertaling van strokiesprente as uitdagend ervaar, aangesien daar nie net op intertalige vertaling staatgemaak kan word nie. Benewens intertalige vertaaluitdagings, kompliseer sowel die wisselwerking tussen die verbale en nieverbale elemente as die hantering van suiwer nieverbale elemente die vertaalproses; daarom moet die strokiesprentvertaler noukeurig aan hierdie veelvlakkige uitdagings aandag gee. In hierdie artikel¹ word uitsluitlik op dié multimodale uitdagings, oftewel *teksspesifieke uitdagings* van strokiesprentvertaling, gefokus: die vertaling van nieverbale elemente, oftewel die hantering van multimodale kwessies. Ondersoek is na die vertaalproses van strokiesprente ingestel om aan te dui voor watter vertaaluitdagings die vertaler in die besonder tydens die vertaling van 'n multimodale teks (soos 'n strokiesprent) te staan sal kom, en hoe die vertaler hierdie uitdagings kan oplos of oorkom.

Hierdie artikel bied dus 'n beskrywing van die vernaamste multimodale vertaaluitdagings wat eie aan strokiesprentvertaling is deur *Calvin and Hobbes: Sunday pages 1985–1995: An exhibition catalogue* (2001) as gevallestudie te gebruik. Sowel Christiane Nord (1997a) se kategorie *teksspesifieke uitdagings* as Anthony Pym (2018) se tipologie van vertaaloplossings word gebruik om hierdie multimodale uitdagings en die oplossings daarvoor teoreties te begrond en metodologies te kategoriseer, klassifiseer en beskryf. Vanweë die kwessie van multimodaliteit en strokiesprente se sterk multimodale aard is dit tersaaklik om hierdie multimodale tekste vanuit 'n multimodale perspektief te benader. Multimodale oftewel nieverbale uitdagings eie aan strokiesprentvertaling, onder andere visuele aanpassing, die konsep *beperkte vertaling* en tipografie, word bespreek en daar word geredeneer dat multimodale uitdagings 'n oorwegende en oorkoepelende uitdaging van strokiesprentvertaling is vanweë die nieverbale elemente se aandeel aan betekenisvorming in multimodale tekste soos strokiesprente.

Trefwoorde: Anthony Pym; *Calvin and Hobbes*; Christiane Nord; multimodaliteit; strokiesprente; strokiesprentvertaling; teksspesifieke vertaaluitdagings; vertaaloplossings; vertaaluitdagings

Abstract

Multimodality as translation challenge in translating comics: *Calvin and Hobbes* as a case study

Since a translator cannot solely rely on interlingual translation (translation between two verbal languages) for the translation of multimodal texts such as comics, the translation process poses its challenges. In addition to the inevitable interlingual translation challenges that come with translating any text type or genre, the process of comics translation is complicated on various other levels. These not only include intercultural or pragmatic challenges, because comics are cultural products that are incorporated into a specific cultural, economic, and political environment (Celotti 2008:35), but also multimodal challenges due to both the handling of purely nonverbal elements in the translation process and the interplay between the verbal and nonverbal elements in the comic that are in a complementary relationship to each other. These multifaceted challenges then require careful attention from the comics translator if a well-rounded and well-functioning translation product is to be established. Kaindl (2010:37) writes that if the scope of comics translation as a field of research is broadened, it will pave the way for a more comprehensive understanding of these problems (i.e., challenges) of comics translation – this is where I hope to contribute by providing a description of the nature of comics translation.

This article presents a description of the main translation challenges a translator can face when translating a multimodal text such as a comic, and how these challenges or problems can be solved. Therefore, the two questions asked in this article are: In particular, what multimodal translation challenges can a translator expect when translating a comic? How can these challenges be solved? In order to provide a detailed description of these research questions, a case study research design is followed. Watterson's *Calvin and Hobbes: Sunday pages 1985–1995: An exhibition catalogue* (2001) serves as case study in this article. This issue contains the most popular Sunday strips of *Calvin and Hobbes* that appeared in more than 2 400 newspapers' Sunday edition worldwide between 1985 and 1995. Not only does it feature 36 comics in black-and-white as well as colour chosen by Watterson himself, but also his commentary thereon. As the production of the Sunday strips became visually more complex, he later made use of colour to achieve a certain effect or evoke emotion in the reader (Watterson 2001:7). Watterson (2001:5) further explains that he had higher standards for the Sunday strips, that it had to do something special, and that these strips highlighted the strengths of *Calvin and Hobbes*. He also mentions that he was able to experiment with the Sunday strips, because they could take up more space in the Sunday newspaper (Watterson 2001:5). Watterson (2001:8) argues that the larger Sunday strips led to a better product and provided more enjoyment to readers. The following is written by Watterson (2001:6) in the book's preface: "[T]he Sunday page offered unique opportunities, and I deliberately tried to come up with ideas that could take advantage of them."

The theoretical discussion in this article is based on Christiane Nord's (1997a) categories of translation problems and Anthony Pym's (2018) typology of translation solutions. Nord (1997a) distinguishes between four types of translation problems: intercultural, pragmatic, interlingual, and text-specific translation problems. The latter is of the utmost importance and relevance, as the purpose of this article is to provide a description of the main multimodal translation challenges of a multimodal text, namely a comic, which fall under the category of text-specific challenges. Nord (1997a:67) calls problems that cannot be generalised and that apply specifically to the text type at hand, text-specific problems. When dealing with this type of challenge, translators must be prepared to act creatively (Nord 1997a:67).

According to Nord (1997a:67) this category can include challenges such as metaphors, similes, neologisms, etc. In relation to the investigation of multimodality – an issue specific to comics as a multimodal text type – this category is of particular interest.

Due to comics' apparent multimodal nature and the nonverbal elements' part in meaning-making in comics, it is essential to discuss in greater detail the issue of multimodality as a text-specific translation challenge. According to Zanfei (2008:60) multimodality is "the co-deployment and interplay of language and image". Tuominen, Jiménez Hurtado and Ketola (2018:4) state that multimodal translation broadens the definition and scope of translation in that it takes place between both verbal and nonverbal modes. Because a translator must therefore also consider the visual elements during a multimodal translation process – such as comics translation – this presents new challenges for the translator: nonverbal information must be adapted, and the translator must ensure that the verbal content is still related to the visual mode (Tuominen e.a. 2018:4). By investigating multimodal texts through a more comprehensive lens or framework (such as that of Nord), what is challenging and unique about multimodal translation can really be put into focus.

As translation problems and solutions are mutually determined and usually act in pairs, each problem has a solution. This article uses Anthony Pym's table of translation solutions to categorise, describe, and theoretically ground the way a translator can solve translation problems or challenges. Pym's (2018) *typology of translation solution types for many languages* offers a general, comprehensive, but also open typology that assists translators in situations where they must make difficult decisions between two (or more) language pairs and where these choices are not limited to verbal data (Racz 2017:76). Therefore, the following three main strategies of translation solutions that Pym (2018:45) identifies are also suitable for multimodal texts, such as comics, which do not consist solely of verbal elements or pose solely verbal translation challenges: *copying*, *expression change* and *material change*. Pym (2018:44) uses the metaphor *cruise mode* when the translation process takes place without any problems or challenges and, in contrast, *bump mode* that occurs when the translator encounters an obstacle in the translation process. He (2018:44) then suggests ways in which these bumps – i.e., problems or challenges – can be ironed out, such as: copying words, copying structure, perspective change, density change, resegmentation, compensation, cultural correspondence, and text tailoring. These solutions range from simple to complex, least to most strenuous, and move from close-to-the-text solutions to more far-reaching solutions.

The methodology involves, firstly, providing some theoretical background regarding the history of comics and comics translation. This contextualises the reading process as well as translation process of comics which both surpass the conventional reading or translation processes of solely verbal text that does not require nonverbal deciphering. Then the above-mentioned theoretical frameworks and their key concepts are introduced to be utilised in the discussion of the research questions. In particular, the factor of multimodality as a text-specific translation problem is brought into focus by describing the need for a multimodal translation perspective when translating a multimodal text, such as a comic. The next section of the investigation provides a description of the main multimodal translation problems that can be expected whilst translating a comic, such as *Calvin and Hobbes*, and how these challenges can be solved by using Pym's translation solutions. For this discussion, examples are drawn from *Calvin and Hobbes: Sunday pages 1985–1995: An exhibition catalogue* (2001), serving as case study in this article. The following main multimodal translation challenges are presented: visual adaptation (under which challenges regarding the use of colour, graphics, illustrations, and other nonverbal elements are discussed), the concept used in Translation Studies, namely *constrained translation*, and typography.

The main finding suggests that multimodal translation problems are the overarching and predominant translation challenge when it comes to the translation of comics, under which a comic's text-specific multimodal translation challenges reside. In the case of *Calvin and Hobbes* the main multimodal translation challenges came about when dealing with visual adaptation, constrained space, the use of colour, and typography. These challenges can typically be categorised as text-specific translation problems. However, as Nord's four categories often overlap and comics are predominantly multimodal texts, multimodal challenges will often also be paired with intercultural, pragmatic or interlingual translation problems, each falling under its relevant category. Likewise, various translation solutions can also work together to solve such intricate, complex, and multifaceted problems that manifest both verbally and nonverbally. In summary, even though the translation of multimodal text is not typical, straightforward, or simple by any means, it does not mean that the avoidance thereof can be justified. By theorising about the challenges and solutions of comics translation, the comics translator will see that multimodal translation problems (in particular) can be overcome and that "semiotics can help translation research break free from its verbal shackles – oral or written" (Steconci 2010:316).

Keywords: Anthony Pym; *Calvin and Hobbes*; Christiane Nord; comics; comics translation; multimodality; text-specific translation problems; translation solutions; translation challenges

1. Inleiding

Strokiesprente het teen die einde van die 1900's in Amerika ontstaan en van daar 'n wêreldwye bedryf geword (Kaindl 2010:36). Teen die agtergrond van die kulturele wending wat teen die 1990's in Vertaalwetenskap plaasgevind het, het vertaalkundiges hulle aandag ook op multimodale tekste (soos strokiesprente) begin vestig (Kaindl 2010:37). Aangesien vertaling nie meer bloot as 'n linguistiese bewerking van tekste se talige inhoud beskou is nie, het strokiesprente 'n al hoe gewilder studieonderwerp in die interdisiplinêre veld van Vertaalwetenskap geword. Sedertdien het vertaalwetenskaplikes soos Zanettin (2008; 2014), Borodo (2015; 2016), Celotti (2008), Kaindl (1999; 2010), Altenberg en Owen (2015) en ander hulle daarop toegespits om die aard van strokiesprentvertaling te beskryf. Hierdie ondersoek lewer dan ook 'n bydrae tot die Suid-Afrikaanse vertaalliteratuur oor strokiesprentvertaling deur 'n beskrywing te bied van die vernaamste multimodale vertaaluitdagings wat tydens die proses van strokiesprentvertaling kan voorkom en hoe 'n vertaler hierdie probleme kan oplos.

Aangesien daar vir die vertaling van multimodale tekste soos strokiesprente nie net op intertalige vertaling staatgemaak kan word nie, kan 'n vertaler die vertaling daarvan as uitdagend ervaar. Benewens die onvermydelike intertalige vertaaluitdagings wat met die vertaling van enige tekstipe of genre gepaardgaan, word die proses van strokiesprentvertaling op verskeie ander vlakke gekompliseer. Dit sluit interkulturele of pragmatiese uitdagings in, omdat strokiesprente kulturele produkte is wat in 'n spesifieke kulturele, ekonomiese en politiese omgewing opgeneem word (Celotti 2008:35). In die besonder sluit dit egter ook multimodale uitdagings in vanweë sowel die hantering van suiwer nieverbale elemente in die vertaalproses as die wisselwerking tussen die verbale en nieverbale elemente in die strokiesprent wat in 'n aanvullende verhouding teenoor mekaar staan. Hierdie veelvlakkige uitdagings verg noukeurige aandag van die strokiesprentvertaler indien 'n goed afgeronde en goed funksionerende vertaalproduk daargestel wil word.

Kaindl (2010:37) skryf dat indien die omvang van strokiesprentvertaling as navorsingsveld verbreed word, dit die weg vir 'n omvattender begrip van hierdie probleme (oftewel uitdagings) van strokiesprentvertaling sal baan. Dit is waar ek hoop om met hierdie ondersoek 'n bydrae te lewer deur *Calvin and Hobbes: Sunday pages 1985–1995: An exhibition catalogue* (voorts: *Calvin and Hobbes: Sunday pages*) as gevallestudie te gebruik om 'n beskrywing van die aard van strokiesprentvertaling te bied.

1.1 Navorsingsvrae

Die volgende navorsingsvrae word gestel: Watter multimodale vertaaluitdagings van strokiesprentvertaling sal 'n vertaler in die besonder kan verwag? Hoe kan 'n vertaler gevolglik hierdie uitdagings oplos? Hierdie twee navorsingsvrae word aan die hand van Christiane Nord (1997a) se kategorieë van vertaaluitdagings en Anthony Pym (2018) se tabel met vertaaloplossings bespreek deur die vernaamste multimodale uitdagings van die vertaling van die strokiesprent *Calvin and Hobbes* uit te lig en aan te dui watter oplossingstrategieë gebruik kan word om hierdie probleme uit te stryk.

1.2 Die bronteks

Op 18 November 1985 het die strokiesprent *Calvin and Hobbes* die eerste maal in Amerikaanse koerante verskyn. Oor die volgende 10 jaar het hierdie strokiesprent, geskryf en geteken deur Bill Watterson, vinnig roem verwerf en een van die mees geliefde koerantstrokiesprente in die Amerikaanse geskiedenis geword (Abate 2019:488). Resensente soos Fischer (2010:322) en Duggan (2013:1) redeneer onderskeidelik: “Calvin and Hobbes’s Bill Watterson is probably the best American newspaper cartoonist of the past twenty-five years,” en “Is there anyone who doesn’t like Bill Watterson’s Calvin and Hobbes?” In Nevin Martell se boek *Looking for Calvin and Hobbes: The unconventional story of Bill Watterson and his revolutionary comic strip* (2009) besing Martell (2009:2) die lof van Watterson se werk, en hy beskou *Calvin and Hobbes* as “the perfect strip”.

Dit is dus duidelik dat *Calvin and Hobbes*, met wêreldwyd meer as 2 400 daaglikse verskynings in koerante, iets besonder vir lesers reg oor die wêreld is. In 1986 en 1988 is Watterson met die Reuben-toekenning van die National Cartoonists Society “for the Outstanding Cartoonist of the Year” bekroon, en in 1992 is hy weer vir hierdie prys genomineer. Omtrent 30 jaar ná die bekendstelling van *Calvin and Hobbes* is daar jaarliks meer as 'n miljoen kopieë van sy versamelings wêreldwyd verkoop (Martell 2009:3). Hierdie bekroonde strokiesprent handel oor die avonture van twee protagoniste Calvin en Hobbes wat die kinderlike teenpool van hulle vriendskap uitbeeld (Borodo 2016:71).

Hierteenoor voer hulle ernstige, gesofistikeerde gesprekke van 'n filosofiese en eksistensiële aard wat dikwels belangrike lewenslesse teweegbring – dit stel weer die blik van die volwassene voor (Borodo 2016:71). Dit beklemtoon ook die tipe lesers wat *Calvin and Hobbes* lok wat van kinders tot volwassenes strek: “The true measure of art intended for children is whether it resonates on a deeper level when you interpret it as an adult” (Martell 2009:3). Om dié redes is *Calvin and Hobbes* nie net “thought-provoking, eye-catching, and funny” (Martell 2009:1) nie, maar beslis ook tydloos, wat dit die moeite werd maak om te bestudeer en in nog tale, soos Afrikaans, te vertaal.

Die uitgawe *Calvin and Hobbes: Sunday pages* bestaan uit die gewildste *Calvin and Hobbes*-Sondagstrokies wat wêreldwyd tussen 1985 en 1995 in koerante se Sondaguitgawe gepubliseer is. Die uitgawe bevat 36 strokiesprente in swart-en-wit sowel as kleur² wat deur Watterson self

gekies is, en sluit ook sy kommentaar daaroor in. Soos die produksie van die Sondagstrookies visueel kompleks geraak het, het hy later van kleur gebruik gemaak om 'n sekere effek te bewerkstellig of emosie by die leser te ontlok (Watterson 2001:7).

Watterson (2001:5) verduidelik verder dat hy hoër standaarde vir die Sondagstrookies gehad het, dat dit iets besonders moes verrig en dat hierdie strookies die sterkpunte van *Calvin and Hobbes* uitgelig het. Hy noem ook dat hy die meeste pret met die Sondagstrookies kon hê omdat dit meer ruimte in die Sondagkoerant kon opneem (Watterson 2001:5). Verder redeneer hy (Watterson 2001:8) dat die uitgebreide Sondagstrookies tot 'n beter produk gelei het en meer genot aan lesers verskaf het, en in die boek se voorwoord skryf hy (Watterson 2001:6): "The Sunday page offered unique opportunities, and I deliberately tried to come up with ideas that could take advantage of them."

1.3 Metodologie

Die metodologie van hierdie ondersoek behels eerstens 'n teoretiese bespreking van strookiesprentvertaling, Nord (1997a) se vertaaluitdagings, Pym (2018) se vertaaloplossings en die kwessie van multimodaliteit as teksspesifieke vertaaluitdaging van strookiesprente. Vanweë hierdie ondersoek se doel om die multimodale vertaaluitdagings en -oplossings van strookiesprentvertaling te beskryf, sal my bespreking op die beskrywende studieveld van Vertaalwetenskap steun, naamlik Beskrywende Vertaalteorie (Descriptive Translation Studies, afgekort na *DTS*) wat ten doel het om vertaling (hetsy die proses, die produk of die funksie) te beskryf soos dit binne 'n regtewêreldkonteks manifesteer (Holmes 1988:71). In hierdie geval word die vertaalproses van strookiesprente retrospektief beskryf. Daarna word die vernaamste teksspesifieke en multimodale vertaaluitdagings van strookiesprentvertaling bespreek – visuele aanpassing, beperkte vertaling en tipografie – asook die oplossingstrategieë wat Pym daarvoor voorstel. Hierdie bespreking word belig deur *Calvin and Hobbes: Sunday pages* as gevallestudie.

In 'n vorige studie (Tredoux 2023) is die praktiese vertaling van die bronteks (BT) *Calvin and Hobbes: Sunday pages* aan die hand van die volgende vertaalopdrag voltooi:³

- Vertaal die BT-kleurstrookiesprente uit Engels in Afrikaans.
- Die doelteks (DT) moet die oorspronklike BT-funksie naboots, naamlik om te vermaak.
- Soortgelyk aan die BT, moet die DT tot 'n wye Suid-Afrikaanse gehoor spreek. Dit sluit kinders, tieners en volwassenes in.

Ek werk daarom nie met 'n reeds bestaande vertaling van die BT nie, maar maak slegs staat op my eie vertaling om my vertaalproses terugskouend te beskryf. Die vertaaluitdagings en -oplossings waarna daar in afdeling 3 verwys word, is dus op my vertaalproses gebaseer. Vir hierdie ondersoek dien etlike voorbeeldstrookies uit die DT as datastel. Die BT-strookiesprente is van 1 tot 36 genummer en daar word volgens hierdie nommering na die voorbeeldstrookies in afdeling 3 verwys (byvoorbeeld *strookiesprent 34*).⁴ Voorbeeldstrookies wat sterk multimodaal optree en die betrokke multimodale vertaaluitdaging die beste illustreer, is gekies. Die omvang van hierdie artikel is dus beperk in die sin dat slegs teksspesifieke vertaaluitdagings deel uitmaak van die ondersoek en dat slegs enkele voorbeelde van multimodale vertaaluitdagings uit *Calvin and Hobbes: Sunday pages* onder die loep geneem word.

2. Literatuuroorsig

Strokiesprente het aanvanklik in Amerika vir bemarkingsdoeleindes ontstaan, maar sedertdien het dit ontwikkel tot 'n volwaardige genre waarbinne onderskeie tipes strokiesprente (onder andere realistiese strokiesprente, wetenskapsfiksie-strokiesprente of avontuurstrokies) én publikasieformate (soos strokiesboeke, koerante of tydskrifte) verskyn het (Kaindl 1999:264). Nietemin maak hierdie verskeidenheid tipes en formate dit moeilik om 'n omvattende definisie van strokiesprente te formuleer. Kaindl (2010:36–7) stel egter die volgende voor: “Comics are narrative forms in which the story is told in a series of at least two separate pictures.” Ter aansluiting hierby beskryf Watterson (2001:8) strokiesprente as “a visual medium”. Reeds in hierdie eenvoudige beskrywings blyk die belang van twee kontrasterende, dog aanvullende elemente van strokiesprente duidelik: die verbale (oftewel die narratief) en die nieverbale (die visuele elemente). Eisner (1985:7) som hierdie wisselwerking tussen die visuele en verbale elemente op deur strokiesprente “sequential art” te noem.

Tydens die lees van strokiesprente geskied meer as die konvensionele linguistiese ontsyfering van 'n teks. Strokiesprente word dus in 'n breër sin gelees, aangesien die leesproses sowel 'n begrip van die beeld-woord-integrasie as visuele interpretasie (oftewel simboliese dekodering) behels (Eisner 1985:7). Eisner (1985:8) meen dat die leesproses van strokiesprente 'n “act of both aesthetic perception and intellectual pursuit” is – 'n siening wat ek glo beslis na die vertaalproses van strokiesprente uitgebrei kan word. Jakobson (1992:145) het aanvanklik drie tipes vertaling in 'n model voorgestel: intratalige, intertalige en intersemiotiese vertaling. Intratalige vertaling verwys na die interpretasie van verbale tekens deur middel van ander tekens in dieselfde taal (Jakobson 1992:145). Hierdie tipe vertaling geskied dus binne een taal en neig meer na herskrywing. Intertalige vertaling, oftewel *translation proper*, behels die interpretasie van verbale tekens deur middel van 'n ander taal se verbale tekens – dit kan beskou word as die tradisionele siening van vertaling wat tussen twee tale plaasvind (Jakobson 1992:145).

Hierteenoor geskied intersemiotiese vertaling – transmutasie – nie soos intratalige en intertalige vertaling tussen twee verbale tekens nie, maar tussen een taal se verbale tekens en 'n ander se nieverbale tekens, of tussen twee nieverbale sisteme (Jakobson 1992:145). Volgens Jakobson behels vertaling dus altyd die interpretasie van verbale tekens na ander tekens wat verbaal óf nieverbaal kan wees. Alhoewel Jakobson se beskrywing van intersemiotiese vertaling nie juis 'n hoë mate van oorweging van strokiesprente suggereer nie, kategoriseer dit strokiesprente wel as 'n soort nieverbale, multimodale “taal” (metafories gesproke).

Jakobson se model is later deur Toury (1986) uitgebrei. Toury (1986:1114) onderskei tussen inter- en intrasemiotiese vertaling en verdeel laasgenoemde in twee verdere vertakings: intrasistemiese vertaling (byvoorbeeld om 'n musiekstuk van majeur na mineur te verander) en intersistemiese vertaling (byvoorbeeld transmutasie tussen twee nieverbale taalsisteme, of wat Jakobson *intersemiotiese vertaling* noem). Gevolglik maak hierdie onderskeid tussen intra- en intersistemiese vertaling plek vir 'n uitbreiding in die oorspronklike semiotiese model deur nie net die transmutasie tussen verbale en nieverbale semiotiese sisteme in die model in te sluit nie, maar ook die transmutasie wat tussen twee nieverbale “tale” plaasvind. 'n Voorbeeld hiervan is die vertaling (transmutasie) van strokiesprente waar strokiesprent A se nieverbale taal in strokiesprent B se nieverbale taal vertaal word (Zanettin 2008:10). Verbale taal is dus slegs één sisteem betrokke by die proses van strokiesprentvertaling, omdat strokiesprente wat in 'n ander taal gepubliseer word ook visuele veranderinge ondergaan wat die interpretasie van die twee nieverbale sisteme behels (Zanettin 2008:12).

Derhalwe vereis die vertaling van strokiesprente die inagneming van alle relevante elemente vir intertalige vertaling (dit wil sê, die suiwer verbale elemente) asook die unieke nieverbale elemente wat voortgebring word vanweë strokiesprente se multimodaliteit – wat Zanfei (2008:60) as “the co-deployment and interplay of language and image” definieer. Benewens die vertaling van geskrewe teks, is die verandering of aanpassing van illustrasies en ander visuele elemente dus ’n fundamentele deel van strokiesprentvertaling, aangesien al die verskillende “tale” (hetsy verbaal of nieverbaal) wat in strokiesprente gebruik word, binne en tussen semiotiese sisteme vertaal word (Zanettin 2008:12).

Deur strokiesprentvertaling word dus wegbeweeg van die konvensionele begrip van intertalige vertaling, en die elemente wat onder ’n semiotiese sisteem ressorteer, word uitgebrei: Eerstens word intertalige vertaling eerder as interpretatiewe aktiwiteit beskou wat tussen verbale sisteme plaasvind (Zanettin 2008:10), hoewel verbale taal nie die enigste element onderhewig aan vertaling is nie. Tweedens ondergaan elemente wat deel uitmaak van strokiesprente se multimodale semiotiese sisteme (soos spraakborrels, aksielyste, tipografie en ander visuele elemente) ook vertaling, met dieselfde interpretatiewe proses wat vir hierdie nieverbale elemente geskied (Zanettin 2008:10). Alhoewel dit blyk dat strokiesprentvertaling sowel ’n veeleisende en veelvlakke interpretasieproses as vertaalproses daarstel, word hierdie multimodale kompleksiteite nie breedvoerig in die Suid-Afrikaanse vertaalliteratuur bespreek nie.

Ten spyte van die hoë volume vertaalde strokiesprente wat sedert die ontstaan van strokiesprente in die 1900’s geskep en versprei is, redeneer Kaindl (1999:264) dat strokiesprente relatief min aandag in die akademiese sfeer van vertaling toegestaan word. Indien studies wel oor die vertaling van strokiesprente gepubliseer is, is die navorsingsfokus dikwels beperk tot verbale elemente, of tot strokiesprentreekse wat op taalvlak veeleisend is om te vertaal, en dus volgens nougesette vertaalkundiges die ondersoek werd is, soos in die geval van die *Asterix*-reeks (Kaindl 1999:264). Waar navorsers (vgl. Embleton 1991) aanvanklik strokiesprente (soos *Asterix*) deur ’n linguistiese lens ondersoek het, raak die bestudering van strokiesprente of ander multimodale tekste en vertalings daarvan al hoe meer die norm aan die hand van semiotiese of multimodale benaderinge waar die fokus op die verhouding tussen die teks en die visuele elemente is (vgl. Ahnie 2021; Borodo 2015; Kaindl 2010).

Hierteenoor noem Kaindl (2010:37) dat studies wat uitsluitlik die vertaling van illustrasies en tipografiese elemente ondersoek steeds skaars is. Dit was nie tot en met Zanettin (2008) se versamelwerk dat ’n gekoördineerde oorsig van ’n verskeidenheid relevante navorsingsonderwerpe gebied is nie, naamlik onderskeie strokiesprentgenres soos die Japannese strokiesprente (*manga*), gevallestudies van verskillende strokiesprentreekse soos Disney-strokies en die rol van strokiesprentvertaling in die globaliseringsera. Die verskeidenheid navorsingsonderwerpe is dus aansienlik verbreed, wat die weg gebaan het vir ’n omvattender begrip van die aard van strokiesprentvertaling, en in die besonder die probleme of uitdagings wat daarmee gepaardgaan (Kaindl 2010:37). ’n Beter begrip van die kwessies wat ’n ingewikkelde vertaalproses veroorsaak, lei ook tot ’n beter begrip van hoe hierdie kompleksiteite opgelos kan word.

2.1 Christiane Nord se kategorieë van vertaalprobleme

Nord se vier kategorieë van vertaalprobleme bied ’n bruikbare raamwerk waarvolgens die vertaalprobleme of -uitdagings van ’n strokiesprentboek as tekstipe gekategoriseer en bespreek kan word. Sy noem egter dat hierdie probleme nie as gevolg van die vertaler se gebrekkige linguistiese of kulturele kennis en vaardighede ontstaan nie, maar dat dit na uitdagings verwys

wat na vore kom weens (onder andere) strukturele verskille of verskille ten opsigte van die konvensies van die bron- of doelkultuur (Nord 1997a:64). Nord (1997b:59–62) onderskei tussen vier kategorieë wat gerangskik is volgens hulle veralgemeningsvlak: pragmatiese, interkulturele, interlinguistiese en teksspesifieke uitdagings. Vervolgens word ’n bondige beskrywing van al vier kategorieë gegee, met – vanweë die doel van hierdie ondersoek, naamlik om ’n beskrywing van die vernaamste multimodale vertaaluitdagings te bied wat onder *teksspesifieke uitdagings* ressorteer – ’n spesifieke fokus op laasgenoemde.

Pragmatiese vertaalprobleme kom voor as gevolg van die kontras tussen twee kommunikatiewe situasies: die BT- en die DT-omgewing (Nord 1997b:59). Hierdie tipe probleem kan geïdentifiseer word deur eksterne faktore in ag te neem soos die sender, die ontvanger, die medium, tyd, plek, motief en teksfunksie (Nord 1997a:65). Pragmatiese probleme, soos kultuurgebonde items, kommunikatiewe konvensies, grappies of verwysings, kom daarom in elke vertaalproses voor en kan gevolglik veralgemeen word, ongeag die bron- en doeltaal of bron- en doelkultuur (Nord 1997a:65). In aansluiting hierby het elke kultuur ook hulle eie norme, konvensies en gewoontes van verbale en nieverbale gedrag wat tot interkulturele vertaalprobleme lei (Nord 1997b:59). Dit sluit verskille in maateenhede en konvensies ten opsigte van tekstipe, formaliteit, humor, aanspreekvorme, ens. in (Nord 1997b:59).

Interlinguistiese probleme verwys na probleme wat ontstaan as gevolg van strukturele verskille in die leksikon of sintaksis van die bron- en doeltaal (Nord 1997b:60). Probleme wat nie veralgemeen kan word nie en spesifiek op die tekstipe van toepassing is, noem Nord (1997a:67) *teksspesifieke probleme*. Volgens Nord (1997a:67) kan hierdie kategorie uitdagings soos metafore, gesegdes, vergelykings, neologismes, ens. insluit. Met betrekking tot die ondersoek van multimodaliteit – ’n kwessie eie aan strokiesprente as tekstipe, en die fokus van hierdie artikel – is hierdie kategorie van besondere belang.

2.2 Die kwessie van multimodaliteit

Vanweë strokiesprente se sterk multimodale aard en die nieverbale elemente se aandeel aan betekenisvorming in strokiesprente, is dit noodsaaklik om die kwessie van multimodaliteit as teksspesifieke vertaaluitdaging in meer besonderhede te bespreek. Soos reeds genoem, is multimodaliteit volgens Zanfei (2008:60) “the co-deployment and interplay of language and image”. Tuominen, Jiménez Hurtado en Ketola (2018:4) noem dat multimodale vertaling die definisie en bestek van vertaling verbreed deurdar dit tussen sowel verbale as nieverbale modusse plaasvind. Omdat ’n vertaler tydens ’n multimodale vertaalproses – soos strokiesprentvertaling – ook die visuele elemente in ag moet neem, bring dit nuwe uitdagings na vore: Nieverbale inligting moet aangepas word én die vertaler moet verseker dat die verbale inhoud steeds met die visuele modus verband hou (Tuominen e.a. 2018:4). Deur multimodale tekste met behulp van ’n omvattender raamwerk (soos dié van Nord) te bestudeer, kan dit wat uitdagend en uniek van multimodale vertaling is werklik in die kollig geplaas word.

“It isn’t about captions nor illustrations but about a real complementary relationship between the readable and the visible, two instances, each taking its own part in the narrative” (Peeters in Celotti 2008:33). Hierdie onderskeie semiotiese sisteme in strokiesprente – die *readable* en die *visible*, oftewel die verbale en nieverbale – tree in wisselwerking met mekaar op, is interafhanklik en vorm ’n geïntegreerde sisteem wat as ’n geheel bestudeer én vertaal moet word (Pérez-González 2014:124–7). Dit ondersteun dan ook Celotti (2008:43) se siening dat die verhouding tussen woorde en illustrasies aanvullend van aard is. Gevolglik stel ’n multimodale benadering belang in die manier waarop hierdie nieverbale tekens in kombinasie met verbale elemente gebruik is om ’n gesamentlike boodskap daar te stel (Ledin en Machin 2020:5).

Hierdie spel tussen die verbale en die nieverbale is tydens strokiesprentvertaling by uitstek belangrik, omdat dit die mees fundamentele funksie van strokiesprente bewerkstellig. Die funksie van 'n strokiesprent om deur humor te vermaak, word in die besonder deur die multimodale kombinasie en interaksie bepaal wat uitdagings in die vertaalproses meebring (Celotti 2008:43). Borodo (2015:24) brei op hierdie uitdagings uit: "Comic book characters do not merely interact and communicate meanings through speech balloons but, equally importantly, through gesture, posture, eye gaze or facial expression." Hierdie nieverbale interaksie word ook deur kleur, paneelgroottes, paneelvorms, uitleg, lettertipe en -grootte beïnvloed (Celotti 2008:37–9). Die visuele modus is egter nie nét 'n deurslaggewende komponent van kommunikasie, betekenis skepping, vermaak en humor in strokiesprente nie. Volgens Celotti (2008:37) is dit die *essensie* van strokiesprente, en Borodo (2015:23) redeneer dat die visuele modus 'n primêre posisie beklee terwyl die verbale modus 'n ondergeskikte en aanvullende rol speel: Strokiensprente – insluitend *Calvin and Hobbes* – bevat byvoorbeeld dikwels hoegenaamd geen woorde nie en verg dan slegs visuele interpretasie van die leser. In aansluiting hierby herinner Watterson (2001:39) die leser dat strokiesprente hoofsaaklik 'n visuele medium is: "Pictures can do a great job of telling a story all by themselves."

Strokiesprente as sterk multimodale tekste moet daarom vanuit 'n multimodale perspektief benader word (Kaindl in Celotti 2008:35). Die semiotiese benadering het die konsep daargestel dat vertaling te make het met dit wat *met* en *aan* woorde en nieverbale elemente gedoen word (Stecconi 2010:316). Derhalwe val die kwessie van multimodaliteit onder elkeen van Nord se kategorieë van vertaalprobleme van strokiesprente, en aangesien vertaalprobleme nie tot een kategorie beperk is nie, kan multimodaliteit as vertaaluitdaging ook in onderskeie kategorieë voorkom. Die relevansie van multimodaliteit in al vier Nord se kategorieë is egter buite die bestek van hierdie artikel. Enkele visuele, oftewel multimodale, kwessies word in hierdie ondersoek as 'n oorwegend teksspesifieke probleem tydens die vertaling van multimodale strokiesprente hanteer. Celotti (2008:35) noem verder dat multimodaliteit nie die manier beperk waarop daar vertaal word nie (en dat dit ook nie as sodanig beskou moet word nie), maar dat dit eerder 'n hulpbron is, en dit bied die vertaler 'n geleentheid om verder as die grense van intertalige vertaling te beweeg. 'n Multimodale teks is daarom nie 'n teks wat deur illustrasies beperk word nie – dit word eerder aangevul of selfs ten volle daardeur geskep. Insgelyks belemmer die vertaaluitdagings daaraan verbonde nie die vertaalproses nie, aangesien dit uitdagings is wat wel op verskeie en kreatiewe maniere opgelos kan word.

2.3 Anthony Pym se tipologie van vertaaloplossings

Vertaalprobleme en -oplossings bepaal mekaar wedersyds en tree gewoonlik paarsgewys op; daarom kan verbale en nieverbale uitdagings oorkom word. In hierdie artikel word Anthony Pym (2018) se tabel met vertaaloplossings gebruik om die manier waarop 'n vertaler vertaalprobleme of -uitdagings kan oplos, te kategoriseer, beskryf en teoreties te begrond. Pym (2018) se tipologie van tipes vertaaloplossings vir baie tale (*typology of translation solution types for many languages*) bied 'n algemene, omvattende, maar ook oop tipologie wat vertalers in situasies bystaan waar hulle moeilike besluite tussen 'n taalpaar moet neem en waar hierdie keuses nie tot verbale data beperk is nie (Racz 2017:76).

Daarom is die volgende drie hoofstrategieë vir vertaaloplossings wat Pym (2018:45) identifiseer ook geskik vir multimodale tekste, soos strokiesprente, wat nie slegs uit verbale elemente bestaan óf verbale vertaaluitdagings teweegbring nie: kopiëring (*copying*), uitdrukkingsverandering (*expression change*) en materiaalverandering (*material change*).

Pym (2018:44) gebruik die metafoor *cruise mode* – wanneer die vertaalproses sonder enige probleme of uitdagings geskied – en hierteenoor stel hy *bump mode* wat voorkom wanneer die vertaler 'n struikelblok teëkom. Voorts stel hy dan maniere voor waarop hierdie “bumps” uitgestryk kan word. Hierdie maniere strek van eenvoudig tot kompleks, min tot baie inspannend en beweeg van oplossings na aan die teks (*close-to-the-text solutions*) na meer ingrypende oplossings.

Onder *kopiëring* val die kopiëring van woorde en struktuur. Dit sluit oplossings in soos transkripsie en die kopiëring van die BT-morfologie, -fonetiek en -sintaksis (Pym 2018:44). Onder *uitdrukkingsverandering* val perspektief- en digtheidsverandering waar eersgenoemde onder andere veranderinge in formaliteit sowel as aktief- en passiefkonstruksies insluit (Pym 2018:44). Digtheidsverandering verwys na 'n verandering in die hoeveelheid inligting wat binne 'n gegewe teksruimte aangebied word: Inligting kan oor 'n groter teksruimte versprei word deur oplossings soos veralgemening (*generalisation*), eksplisitasie (*explicitation*) en veelvoudige vertaling (*multiple translation*) terwyl die omgekeerde waar is vir spesifikasie (*specification*) of om iets implisiet te maak (*implication*) (Pym 2018:44).

Hersegmentasie (*resegmentation*) behels die saamvoeg of skei van sinne en die rondskuif van paragrawe (Pym 2018:44). Kompensasie (*compensation*) is wanneer inhoud in die BT se tekstuele posisie of linguistiese vlak verander en daardie inhoud in die DT in nuwe plekke of op nuwe maniere aangebied word (Pym 2018:44). Indien verskillende elemente in verskillende kulture soortgelyke funksies het, byvoorbeeld ooreenstemmende idioome of kultuurspesifieke items, kan kulturele ooreenstemming (*culturalcorrespondence*) as oplossing gebruik word (Pym 2018:44). Die laaste hoofstrategie, *materiaalverandering*, sluit die oplossing teksaanpassing (*text tailoring*) in – wanneer BT-materiaal uitgewis, bygewerk of bygevoeg word, hetsy op vorm- of inhoudsvlak (Pym 2018:44).

Pym se tipologie bied nie net oplossings vir intertalige vertaaluitdagings nie, maar kan beslis ook gebruik word om nieverbale uitdagings op te los wat tydens die vertaling van multimodale tekste voorkom. Kulturele ooreenstemming en teksaanpassing kan byvoorbeeld gebruik word om kultuurspesifieke gebare (soos die *OK*-handgebaar) te herteken sodat dit beter deur lesers van 'n ander kultuur ontvang word. Na gelang van die vertaalbenadering en -strategie wat gevolg word, kan strokiesprente se verbale én nieverbale inhoud dus aangepas word, omdat oplossings verder as die verbale vlak strek. Net soos vertaaluitdagings nie tot slegs een kategorie beperk is nie, kan onderskeie vertaaloplossings ook saamwerk om een probleem op te los.

3. Multimodale vertaaluitdagings: *Calvin and Hobbes: Sunday pages* as gevallestudie

“Translating comics affects, in principle, the entire repertoire of expressive means in both verbal and visual modes, as well as the ways in which they interact” (Altenberg en Owen 2015:i). Strookiesprente as tekstipe hou dus verskeie uitdagings in wat strek van verbale tot nieverbale vlak. Alhoewel daar reeds in hierdie artikel gefokus is op die rol wat multimodaliteit in strokiesprentvertaling speel, word daar in hierdie afdeling spesifieke multimodale kwessies bespreek wat waarskynlik die vertaalproses meer ingewikkeld of uitdagend kan maak, naamlik visuele aanpassing, beperkte vertaling en tipografie, en hoe Pym se tabel van vertaaloplossings gebruik kan word om hierdie oorwegend visuele vertaaluitdagings op te los. Ter illustrasie en bespreking van die betrokke multimodale vertaaluitdaging word voorbeeldstrokies uit *Calvin and Hobbes: Sunday pages* getrek.

3.1 Visuele aanpassing

Vervolgens word daar op enkele visuele kwessies gefokus wat strokiesprentvertaling uitdagend kan maak, naamlik die verandering, bywerking of nabootsing van kleur en illustrasies.

3.1.1 Kleur

In *Calvin and Hobbes: Sunday pages* skryf Watterson (2001:7) in die voorwoord die volgende: “[...] as I started to use color more deliberately for effects, this process became a real chore. These days, I believe much of it can be done with a few clicks of a mouse.” In vergelyking met die omslagtige en uitgerekte proses om allerlei kleurskakerings te skep deur verskillende mengsels van rooi, geel en blou aan te maak, het moderne tegnologie en gevorderde programmatuur dit beslis makliker gemaak om kleur in strokiesprente aan te pas of van nuuts af te skep. Nietemin is dit nie so eenvoudig soos Watterson dit hier laat blyk nie – veral nie as vertalers nie die nodige tegnologiese hulpbronne tot hulle beskikking het nie.

Watterson (2001:7) plaas klem op die feit dat hy in die besonder intensioneel, doelgerig en kreatief met die gebruik van kleur in *Calvin and Hobbes* was om ’n bepaalde atmosfeer te skep, om die strokiesprentreeks luukser te laat vertoon of vir die daarstelling van emosionele impak; daarom is dit essensieel om die effek te oorweeg wat kleur op sowel die narratief as die inhoud het. Watterson (2001:7) skryf dat een strokiesprent dalk kontrasterende en helder kleure verg terwyl ’n ander een eerder skakerings van grys en donkerder kleure verlang om ’n spesifieke effek te bewerkstellig. Verder het die karakters se dialoog of emosionele ingesteldheid aanleiding gegee tot die gebruik van bepaalde kleure en kleur is ook strategies gebruik om plek (byvoorbeeld die dorre Ohio-landskap) of tyd weer te gee: ’n Dowwe pienk is byvoorbeeld vir Calvin se vel tydens skemer gebruik en dan moes ’n soortgelyke dowwe geelgrys vir sy hare gemeng word om dieselfde skemerlig te suggereer (Watterson 2001:7). Watterson (2001:7) bieg dat dit uiteraard nie ’n maklike proses was nie, maar wel bevredigend. Vir sowel die skrywer of illustreerder as die vertaler van die strokiesprent is hierdie taak uitdagend, veel-eisend en noukeurig; maar ook noodsaaklik.

Voor ’n vertaler enigsins prakties aan die strokiesprent kan begin vertaal, moet die BT-woorde en die agtergrondkleur binne of buite die spraakborrel eers uitgewis word. Daarna moet die agtergrondkleure óf nageboots word, óf ’n nuwe agtergrond geskep word, indien nodig. Ongeag of die vertaalde produk na die BT moet neig en of daar ’n nuwe beeld geskep moet word, kan visuele aanpassing (en die uitdaging daaraan verbonde) nie buite rekening gelaat word nie. Die nabootsings- of veranderingsproses kan (selfs met die hulp van programmatuur) tydrowend en uitdagend wees, omdat elke raampie of spraakborrel se agtergrondkleur nie altyd net wit of een soliede kleur is wat nagmaak of verander moet word nie en daar woorde bo-op hierdie bestaande illustrasies in strokiesprente voorkom, soos in *Calvin and Hobbes*. Dit is dan vertalers se plig om as semiotiese navorser – “semiotic investigator” (Celotti 2008:47) – op te tree, wat hulle intersemiotiese vertaalvaardighede op die proef sal stel. Pym se oplossings *teksaanpassing* of *kopiëring* kan op nieverbale vlak gebruik word om die agtergrondkleur binne of buite die spraakborrels te verander indien kulturele of kontekstuele faktore ’n invloed op die persepsie of interpretasie van die kleur het; of te kopieer indien die BT-kleurgebruik steeds vir die DT-konteks gepas is. Kaindl (2010:39) noem dat kleur selfs nasionaliteit of politiese stand kan weergee, byvoorbeeld die gebruik van rooi om ’n kommunistiese ideologie in ’n strokiesprent te simboliseer.

In *Calvin and Hobbes* sal Watterson weinig 'n soliede agtergrondkleur of die konvensionele wit agtergrond gebruik, omdat hy dit geniet om met kleur te speel. 'n Mengelmoes agtergrondkleure, 'n ombré agtergrond of 'n gevlekte agtergrond is in *Calvin and Hobbes* die norm wat dit moeilik maak om na te boots of ander visuele aanpassings aan te bring. Ter illustrasie: Die woord *level* kom in strokiesprent 34 op 'n blou ombré agtergrond voor. Eerstens moet die *level* uitgewis word en daarna kan die agtergrond nageboots word, maar omdat hierdie agtergrond nie een soliede kleur is nie kan dit besonder moeilik wees om te verseker dat die kleur egalig van lig na donker vloei. Om tot die kompleksiteit by te dra, kan dialoog of ander visuele elemente (soos aksielyste of klanknabootsende woorde) bo-op hierdie kleurespel voorkom.

Taran (2014:96) brei hierop uit deur te sê dat 'n verdere uitdaging te berde kom indien klanknabootsende woorde in kleur voorkom, soos in die geval van *Calvin and Hobbes*, aangesien die kleurgebruik in strokiesprente dikwels kultuurspesifiek is. Ter illustrasie: Vertaalde Japannese strokiesprente (*manga*) sal hoofsaaklik in wit-en-swart gedruk word terwyl strokiesprente wat vir Amerikaners in Engels geskryf (soos *Calvin and Hobbes*) of vertaal is gewoonlik in kleur verskyn, omdat kleur in die Amerikaanse kultuur verkies word (Taran 2014:96). Taran (2014:96) noem ook dat studies aandui dat klanknabootsende woorde minder vertaal word indien dit in kleur is weens die tegniese en finansiële moeilikhede daaraan verbonde. Die kulturele, tegniese en finansiële vertaaluitdagings wat die gebruik van kleurvolle klanknabootsende woorde teweegbring, is dus beduidend.

Aangesien die kwessie van multimodaliteit in hierdie artikel ter sprake is, gaan dit nie hier oor die verbale uitdaging wat met die intertalige vertaling van klanknabootsende woorde gepaardgaan nie, maar eerder hoe klanknabootsende woorde se nieverbale elemente – soos kleur – multimodale vertaaluitdagings op tegniese vlak teweegbring. Kaindl (2010:39) werp lig op die multimodale aard van klanknabootsende woorde deur te sê dat dit 'n sentrale funksie in strokiesprente het, want “they are used to visualise the acoustic dimension”. Watterson (2001:57) gebruik byvoorbeeld in strokiesprent 23 'n helder oranje met ligte vlekke in 'n dowwe groen vir die klanknabootsende woord *AAAUGH* – wat Calvin skree toe Hobbes hom skrikmaak. Om hierdie woord in Afrikaans as *AAAUG* weer te gee, moet die aangrensende agtergrondkleur gekopieer word om die *H* uit te wis, en die vertaler moet ook oorweeg of die oranje wat Watterson gebruik het, geskik is vir die funksie wat die DT in die DT-kultuur wil verrig. Indien die kleur verander moet word, is dit ook belangrik om 'n nuwe kleur te kies wat aansluit by die strokiesprent se kleurskema, dialoog, visuele elemente en aangrensende kleure, aangesien kleure verskillende eienskappe aanneem wanneer dit langs ander kleure geplaas word (Watterson 2001:7). Die effek wat die kleur bewerkstellig, moet beslis ook oorweeg word. Pym se oplossings *kopiëring* (van kleur), *teksaanpassing* of *kulturele ooreenstemming* kan dus na gelang van die DT-funksie strategies aangewend word.

3.1.2 Illustrasies, grafika en beelde

Visuele elemente soos illustrasies, grafika en beelde maak 'n fundamentele deel van strokiesprente uit; daarom is die vertaling daarvan nie net uiters belangrik nie, maar ook uitdagend. Verskeie strokiesprente in *Calvin and Hobbes: Sunday pages* bevat min of geen woorde nie, en die leser maak dan slegs op visuele interpretasie staat. Strokiensprent 13 laat blyk hoe nieverbale elemente 'n primêre rol in multimodale tekste kan vervul, aangesien dit hoofsaaklik 'n visuele voorstelling bied van Calvin en Hobbes wat poog om Amerikaanse voetbal te speel en slegs in die laaste raampie ses woorde bevat. Nietemin beteken min verbale vertaling nie dat die vertaalproses nie uitdagend is nie; intendeel, dit kan die uitdaging juis vergroot.

Omdat die visuele elemente in hierdie strokiesprent die narratief daarstel, vorm dit die hoofokus tydens die vertaalproses. Indien die DT byvoorbeeld iets bekends vir die nuwe Suid-Afrikaanse DT-leser wil bied, sal die Amerikaanse voetbal-bal na 'n rugbybal verander kan word deur Pym se oplossings *kulturele ooreenstemming* en *teksaanpassing* (op nieverbale vlak) toe te pas. Hierdie suiwer nieverbale uitdaging verg dus meer as blote taalkennis van die vertaler.

In strokiesprent 33 kom dieselfde voetbal-bal voor. Dit is dan belangrik dat die vertaler die vertaling van visuele beelde konsekwent hanteer. In kontras met die vorige voorbeeld bevat strokiesprent 33 baie woorde wat deur die nieverbale elemente aangevul word. Indien die voetbal-bal na 'n rugbybal verander word om deurgaans koherensie te skep, moet die strokiesprent se verbale én nieverbale elemente aangepas word om samehang tussen die woorde en illustrasies te verseker. In die eerste raampie word Amerikaanse voetbal visueel uitgebeeld deur Calvin wat die posisie *senter* speel en dus die bal terugspeel na die *quarterback* (in hierdie geval Hobbes). Die hurkposisie wat die senter in Amerikaanse voetbal inneem met die bal in die speler se hande stem egter nie ooreen met hoe Suid-Afrikaanse rugby visueel uitgebeeld sou word nie. Calvin se posisie én die plasing van die bal sal daarom op visuele vlak aangepas moet word. Hierdie probleem kan byvoorbeeld deur teksaanpassing en kulturele ooreenstemming opgelos word deur die bal eerstens na 'n rugbybal te verander en daarna terug te skuif sodat dit lyk of Calvin (nou 'n rugbyspeler) daarop geval het. Die bal word dus nie meer agtertoe gegooi soos in Amerikaanse voetbal nie, maar eerder ná 'n doodvat of skrum deur die rugbyspeler opgetel of aangevat. Hierdie voorbeeld dui dan ook aan hoe Nord se kategorieë dikwels oorvleuel, aangesien hierdie probleem byvoorbeeld ook onder die kategorie *interkulturele vertaalprobleme* of *pragmatiese vertaalprobleme* kan ressorteer. Omdat strokiesprente multimodale kulturele produkte is (Celotti 2008:35), is die grens tussen die tipes vertaaluitdagings wat met die vertaling van multimodale, kulturele en pragmatiese kwessies gepaardgaan nie altyd absoluut nie, maar eerder oorwegend die een of die ander.

3.2 Beperkte vertaling

Taran (2014:93) skryf dat beperkte ruimte een van die vernaamste tegniese uitdagings van strokiesprentvertaling is. Aangesien teks in spraakborrels en raampies voorkom en dikwels ook deel van die illustrasies vorm, is dit belangrik dat die BT- en DT-lengte moet ooreenstem indien die spraakborrel nie vergroot kan word of die lettertipe verklein kan word nie (Taran 2014:93). Leesbaarheid en estetika is dan ook 'n kwessie. Beperkte ruimte is veral 'n probleem tussen 'n taalpaar wat in die besonder in woordlengte verskil – byvoorbeeld Afrikaans en Engels – omdat lang, saamgestelde woorde (soos in Afrikaans) dikwels nie binne die spraakborrel pas wat spesifiek vir Engelse dialoog geteken is nie, soos in *Calvin and Hobbes*. Waar die BT woorde of verwysings gebruik wat vir die DT-lesers onbekend is, lei beperkte ruimte tot 'n verdere probleem of uitdaging.

In “alledaagse” tekste kan hierdie probleem opgelos word deur die onbekende of onduidelike BT-inhoud te parafraseer of deur 'n definisie of verduideliking in die teks self of in 'n voetnoot te gee (Taran 2014:95). In die geval van strokiesprentvertaling is hierdie strategieë egter nie gewenste oplossings nie, omdat dit meer ruimte sal verg – wat nie in strokiesprente beskikbaar is nie – en die gebruik van voetnote die vloei van die strokiesprent sal onderbreek (Taran 2014:95). Verder is voetnote in die besonder nie 'n lewensvatbare oplossing nie, omdat strokiesprente gewoonlik vir vermaakdoeleindes gelees word, en die voetnote se formeler en meer gebruiksaanwysende aard die prettige leesproses ondermyn. Pym se tipologie bied egter meer geskikte oplossings wat hier onder bespreek word.

Hierdie uitdagings ten opsigte van ruimte en die nieverbale hou verband met die konsep wat in Vertaalwetenskap gebruik word, naamlik beperkte vertaling (*constrained translation*). Volgens Mayoral, Kelly en Gallardo (1988:362) verskil beperkte vertaling van niebeperkte vertaling in die sin dat die bron- en doeltaal (dit wil sê die geskrewe oftewel verbale taalsisteem) nie vergesel word van ander semiotiese sisteme nie, hetsy visuele, ouditiewe of orale sisteme. Beperkte vertaling kom dus oorwegend voor in multimodale tekste, soos strokiesprente, wat uit onderskeie semiotiese sisteme bestaan, soos die verbale en nieverbale; daarom is beperkte vertaling binne 'n semiotiese raamwerk gesitueer (Zanettin 2008:20). Volgens Celotti (2008) bestaan daar twee wanopvattinge oor 'n beperktevertaling-benadering: dat slegs die geskrewe teks van die strokiesprent (en nie visuele elemente nie) onderhewig aan vertaling is, en dat illustrasies wêreldwyd dieselfde betekenis(se) het. Celotti (2008:34, 47) argumenteer teen hierdie eng sienswyse van multimodale vertaling en sê dat die nieverbale nie as 'n beperking beskou moet word nie, maar dat dit eerder 'n hulpbron is wat betekenis skep. Borodo (2015:25) stem hiermee saam: Hy erken dat die proses van strokiesprentvertaling deur visuele elemente gekompliseer kan word, soos die beperkte ruimte in die spraakborrels of die interaksie tussen die verbale en nieverbale tekens, maar dat die visuele bloot 'n uitdaging is wat wel oorkom kan word.

In strokiesprent 16 ('n besonder komiese *Calvin and Hobbes*-strokiesprent) word Calvin deur sy grondboontjebotterbroodjie aangeval. Hierdie broodjie (en die "lewendige" grondboontjebotter wat daaruit spat) word in elke raampie in detail visueel uitgebeeld. In só 'n geval waar dit nie ekonomies óf doeltreffend sou wees om die hele strokie te verander (en waarskynlik die komiese effek te verloor) nie, is die meer praktiese oplossing op woordvlak, alhoewel dit steeds 'n ruimte-uitdaging inhou. Aangesien die saamgestelde woorde *grondboontjebotterbroodjie* en *grondboontjebotter* baie lank is en die BT-spraakborrel nie geteken is om hierdie woorde te akkommodeer nie, is die kwessie van beperkte vertaling 'n wesenlike probleem. Hierdie uitdaging kan byvoorbeeld deur veralgemening of teksaanpassing opgelos word.

Eersgenoemde behels die verandering van *grondboontjebotterbroodjie* na 'n korter, algemener alternatief, naamlik *broodjie*. Omdat die strokiesprent sterk multimodaal is, sal die leser steeds weet dat dit na 'n grondboontjebotterbroodjie verwys. Nog 'n oplossing is om die spraakborrel rondom hierdie lang woorde te vergroot of aan te pas, alhoewel dit 'n meer ingrypende en daarom ook tydrowende oplossing is. Soms is die probleem dus nie die *gebrek* aan ruimte nie, maar eerder die BT se bestaande visuele elemente, byvoorbeeld die spraakborrel wat rondom die BT-woorde gevorm is en wat nie netjies rondom die DT-woorde pas nie. Dit word egter nie aanbeveel om 'n kleiner lettergrootte te gebruik om in die oorspronklike spraakborrel te pas nie, of om die woorde aan die einde van die reël af te kap nie (byvoorbeeld *grondboontjebotter-broodjie*), omdat dit die leesbaarheid en die vloei van die strokiesprent belemmer. Aangesien hierdie uitdaging ook met die verskil in woordlengte van die taalpaar (Afrikaans en Engels) te make het, kan dit ook as 'n interlinguistiese vertaalprobleem geklassifiseer word.

In ander gevalle sal die bogenoemde oplossing nie moontlik wees nie, onder andere waar die spraakborrel uit slegs een woord bestaan en die raampie daarrondom geskets is. In strokiesprent 33 waar Calvin en Hobbes verskillende sportsoorte (op unieke maniere) speel, sê Hobbes vir Calvin dat hy sy span se doellyn weggesteek het sodat Calvin nie kan wen nie. Calvin se reaksie hierop lui *HIDDEN?! Hierdie teks sou aangepas kon word, byvoorbeeld deur 'n afkappingsteken (WEG-GESTEEL?!)* te gebruik. Alhoewel ek hierdie oplossing so vêr moontlik sou vermy, is dit in hierdie geval die enigste oplossing, omdat alternatiewe soos *gekamoeleer* of *versteek* ook nie in die spraakborrel sou pas sonder dat dit afgekap word nie, en 'n kleiner lettergrootte leesbaarheid sou belemmer. Hierdie probleem sluit weer eens by die taalpaar se verskil in woordlengte aan wat as 'n interlinguistiese vertaalprobleem geklassifiseer kan word.

Ter illustrasie: In strokiesprent 11 verdwyn die groen spraakborrel agter 'n kassie in wat omgeval het en omring word deur onderskeie aksielyste. Die groen spraakborrel is ook só geteken dat dit 'n ekstra uitkeping rondom die alleenstaande woord in die laaste reël (*house*) vorm. Deur die spraakborrel se ekstra uitkeping in die BT deur teksaanpassing rondom die DT-woorde te verander, kan die nuwe dialoog netjies in die spraakborrel pas. Enige oortollige ruimte in die spraakborrel kan dus verwyder word of meer ruimte kan na gelang van die DT-woorde geskep word.

3.3 Tipografie

O'Sullivan (2013:4) skryf dat navorsing in die veld van Vertaalwetenskap nog nie betekenisvolle fokus op tipografie gerig het nie – dit is vir haar 'n jammerte, omdat tipografie volgens haar 'n aktiewe vertaalprobleem is wat in onderskeie media en tekstipes voorkom. Vir O'Sullivan (2013:3) gaan dit daarom nie net oor die jukstaposisie tussen die verbale en illustrasies as semiotiese elemente nie, aangesien tipografie ook in die besonder 'n verdere modaliteit teweegbring. Dus: “Font also signifies.” O'Sullivan (2013:3), Celotti (2008:37) en Zanettin (2014:14) sluit hierby aan deur te sê dat lettertipe en -grootte 'n fundamentele vertaalhulpbron is, omdat dit verbaal én nieverbaal optree, en gevolglik die manier beïnvloed waarop die vertaalde strokie gelees en ontvang word. 'n Groter lettertipe dui byvoorbeeld aan dat die karakter skree, terwyl vetdruk iets beklemtoon; lettertipe kan selfs herkoms illustreer, soos 'n Gotiese lettertipe wat dikwels na Duitsers verwys (Zanettin 2014:14). Eisner (1985:10) sê verder dat lettertipe “treated ‘graphically’ and in the service of the story, functions as an extension of the imagery”. Jare later eggo Zanettin (2008:13) Eisner se argument: “Words have graphic substance [...] which make them ‘part of the picture’.” Die gebruik van 'n geskikte lettertipe en -grootte is daarom in die besonder belangrik tydens strokiesprentvertaling, omdat dit sowel 'n spesifieke visuele as prosodiese effek⁵ daarstel én die visuele leeservaring beïnvloed.

Deesdae word daar in die vertaalpraktyk op grafika programme staatgemaak om die letterwerk te behartig wat voorheen met die hand gedoen is (Zanettin 2008:21). Deur die oorspronklike teks in die BT uit te wis en die vertaalde dialoog in te voer, kan die teks in die ruimte van die spraakborrels geplaas word (Zanettin 2008:21). Alhoewel tegnologie dit makliker, vinniger en goedkoper maak om die vertaalde dialoog in die DT in te voeg, los dit egter nie die probleem van die gebruik van 'n geskikte lettertipe op nie. Hierdie proses word verder gekompliseer indien 'n handgeskrewe strokiesprent vertaal moet word, en gevolglik word 'n standaard-tikskrif gewoonlik vir kostedoeltreffendheid gekies (Taran 2014:94). 'n Moontlike oplossing is dus om 'n tikskrif te gebruik wat die handgeskrewe letterwerk naboots; tog gaan daar 'n mate van outentisiteit verlore wat deur die skrywer se handskrif teweeggebring is. In die geval van *Calvin and Hobbes* het Watterson die letterwerk self met 'n Rapidograph-pen gedoen wat dit besonder uitdagend maak om in die DT weer te gee.

Die vertaler kan byvoorbeeld Pym se oplossing *kopiëring* gebruik om die BT-lettertipe so goed moontlik te kopieer sodat dieselfde effek bewerkstellig word en sodoende dieselfde gevoel by die DT-leser ontlok. Dit sluit die lettertipe en -grootte van die teks in die spraakborrels in, asook die titel, woorde buite die spraakborrel wat oorwegend klanknabootsende woorde is, en woorde op bestaande illustrasies. Ter illustrasie: In *Calvin and Hobbes* kan die skrif Poor Richard in Microsoft Word vir die hoofteks in die spraakborrels gebruik word, en Showcard Gothic vir woorde wat beklemtoon word of klanknabootsende woorde is. Aangesien sekere lettertipes ook die karakters se nasionaliteit weergee – in *Asterix* is die Egiptenare se dialoog byvoorbeeld in 'n lettertipe geskryf wat soos hiërogliewe lyk (Taran 2014:94) – moet die vertaler ook die nuwe DT-konteks en -kultuur in ag neem, en die gebruik van kultuurspesifieke lettertipes heroorweeg of strategies hanteer deur byvoorbeeld van Pym se oplossing *kulturele ooreenstemming* gebruik te maak.

Watterson gebruik dikwels 'n groter lettertype in vetdruk en kleur om iets te beklemtoon of te suggereer, of om 'n prosodiese en dramatiese effek te skep – hier kom die kwessie van kleur ook ter sprake. In strokiesprent 8 sê Calvin se ma byvoorbeeld vir sy pa dat Calvin *really upset* (rêrig ontsteld) is, omdat hy vir Hobbes verloor het, met *really* in rooi, vetgedrukte hoofletters en *upset* in dieselfde styl, maar in geel. Sodoende word *really* beklemtoon en die erns van die saak duidelik gemaak. In die konteks van die strokiesprent suggereer dit ook dat Calvin se ma wil hê dat haar man iets omtrent die situasie moet doen. Hierdie afleidings kan bloot uit die visuele aanbieding van die woorde gemaak word – dit dui aan hoe nieverbale elemente (soos tipografie) dus tot betekenisvorming bydra. Deur byvoorbeeld hierdie lettertype en kleur te kopieer (kopiëring) of te verander (teksaanpassing), kan die vertaler probeer om na gelang van die DT-konteks dieselfde gevoelswaarde in die DT daar te stel.

Die bogenoemde voorbeeld behels die tipografie binne 'n spraakborrel, maar die tipografie buite die spraakborrel is net so betekenisvol. In strokiesprent 29 bestaan 'n jellieagtige kosmonstertjie se dialoog uit die Hamlet-reël *To be or not to be*. Hierdie kosmonstertjie voer hierdie reël op 'n besonder oordrewe en dramatiese wyse op – soveel só dat die leser amper die woorde kan hoor deur slegs daarna te kyk. Ter illustrasie: Die woord *FEEHEELINGGS* word na gelang van die uitspraak, intonasie en toon tipografies uitgebeeld. Eerstens is die woord in vetdruk en hoofletters geskryf wat dit beklemtoon. Tweedens word die *HEE* verder beklemtoon, omdat dit in 'n groter lettertype as die res van die woord geskryf is, en die skrywer het ook doelgerig twee *G*'s ingevoeg wat die woord se uitspraak verleng. Laastens word die woord ook geboë uitgebeeld. Die tipografie beeld dus op nieverbale vlak uit hoe die kosmonstertjie die woord sou uitspreek: Die *HEE* sal byvoorbeeld waarskynlik deur 'n hoër intonasie beklemtoon word. Hierdie multimodale leeservaring word egter nie net deur die tipografie daargestel nie, maar ook deur die visuele uitbeelding van die kosmonstertjie.

Gevolglik lei hierdie eiesoortige tipografiese gebruik tot onderskeie multimodale uitdagings vir die vertaler. Alhoewel dit 'n omslagtige en veelvlakkige oplossing is, kan die vertaler byvoorbeeld deur middel van kopiëring die lettertype se styl, grootte, posisie binne die raampie en kurwe naboots. Sodoende is die strokiesprent se doel om lesers te vermaak suksesvol, aangesien die dramatiese atmosfeer wat die nieverbale elemente (soos tipografie) daargestel, en wat oorwegend die strokiesprent se komiese effek skep, nie verlore gaan nie. Hierteenoor kan die vertaler ook besluit om as oplossing die tipografie aan te pas indien kopiëring nie moontlik is nie, of om 'n kulturele ekwivalent te kies wat by die strokiesprent se toon pas. Nietemin blyk die eerste oplossing doeltreffender te wees.

3.4 Gevolgtrekking

Tydens die vertaling van strokiesprente sal onderskeie multimodale vertaaluitdagings teëgekom word. Die vertaler het egter die verantwoordelikheid om aan die hand van die vertaalopdrag, -strategie of -benadering die mees gepaste of doeltreffendste vertaaloplossing vir die probleem te kies sodat die doel of die funksie van die DT verrig kan word. Soos uit die bogenoemde bespreking blyk, is dit dikwels die wisselwerking tussen die verbale en die nieverbale, of suiwer nieverbale elemente wat betekenis in die strokiesprent skep en bydra tot die funksie van die strokiesprent, byvoorbeeld om te vermaak. In die geval van 'n swak inter-sistemiese vertaling – vanweë die gebruik van gebrekkige vertaaloplossings – kan die essensie van strokiesprente as sterk multimodale tekste verlore gaan; daarom is die gepaste en doeltreffende gebruik van Pym se vertaaloplossings op nieverbale vlak (oftewel vir visuele uitdagings) in die besonder belangrik tydens strokiesprentvertaling.

4. Ten slotte

Hierdie bespreking van die vernaamste multimodale vertaaluitdagings bring die kompleksiteit van strokiesprentvertaling in die midde, maar dui ook aan dat oplossings daarvoor wel gevind kan word. Alhoewel hierdie artikel nie 'n allesomvattende lys van al die multimodale vertaaluitdagings en -oplossings daarvoor bied nie, en meer voorbeelde beslis gegee kon word, toon dit dat die kategorisering van vertaalprobleme buigsaam is, dat die grense tussen die kategorieë soms nie duidelik is nie en dat dit kan oorvleuel. Dienooreenkomstig is die presiese afbakening van vertaaloplossings ook nie absoluut nie, en onderskeie oplossings kan saamwerk om 'n funksionele DT te skep. Nietemin tree vertaalprobleme of -uitdagings en vertaaloplossings oorwegend in pare op; daarom behels 'n begrip van die tipe vertaalprobleem (in hierdie geval, teksspesifieke vertaalprobleme) ook insig in maniere waarop hierdie uitdagings oorkom of oorbrug kan word.

Uit bogenoemde bespreking blyk die uitdagende en komplekse aard van die multimodale probleme wat onder Nord se kategorie *teksspesifieke vertaalprobleme* ressorteer, en die veelvlakke hantering van multimodale vertaaloplossings, oftewel die strategiese gebruik van verbale én nieverbale oplossings. Die navorsingsvrae wat in 1.1 uiteengesit is, kan dus beantwoord word. Teksspesifieke uitdagings sluit in die besonder multimodale uitdagings in, onder andere om te verseker dat die verbale en nieverbale ná vertaling steeds verband hou; om visuele aanpassings aan te bring; en die vertaling van ander teksspesifieke kenmerke (soos die gebruik van kleur en tipografie) wat sowel tekstueel as visueel manifesteer. In hierdie artikel is enkele multimodale uitdagings bespreek, naamlik visuele aanpassing (met 'n spesifieke fokus op kleur, illustrasies, grafika of beelde), die konsep *beperkte vertaling* wat onder andere die gebrek aan ruimte inhou en die gebruik van tipografiese elemente soos lettertype, -grootte of -styl binne én buite die spraakborrel.

Die oorwegende en oorkoepelende vertaalprobleem van strokiesprentvertaling is dus die kwessie van multimodaliteit, aangesien strokiesprente sterk visuele tekste is, die nieverbale elemente oorwegend betekenis skep en tegnies moeilik is om te vertaal en visuele elemente in strokiesprente dikwels ook konteks- of kultuurspesifiek is. Verder gaan multimodale uitdagings ook met verbale kwessies gepaard, omdat verbale en nieverbale elemente in 'n konstante wisselwerking optree. Alhoewel multimodale uitdagings oorwegend 'n teksspesifieke probleem is, behels dit noodwendig ook ander uitdagings, soos interkulturele, pragmatiese of interlinguistiese vertaalprobleme. Dit is dus belangrik om benewens intertalige vertaling (wat ook onderskeie vertaaluitdagings teweegbring) nieverbale vertaling – oftewel intersistemiese vertaling – te doen. Visuele teksaanpassing kan byvoorbeeld besonders uitdagend vir vertalers wees omdat hulle deur die nieverbale beperk word, en indien hulle nie toegang tot professionele programmatuur het of saam met ander agente (soos kunstenaars of dokumentontwerpers) werk nie.

As oplossings vir hierdie multimodale uitdagings, kan die vertaler byvoorbeeld gebruik maak van visuele teksaanpassing, kopiëring van nieverbale elemente (byvoorbeeld agtergrondkleur) en kopiëring van verbale elemente se voorkoms (byvoorbeeld lettertype). Die BT se verbale én nieverbale elemente kan as oplossings gekopieer word om dieselfde effek of visuele indruk te skep; geskrap word indien dit nie funksioneel in die nuwe konteks of kultuur funksioneer nie; of dit kan gedeeltelik aangepas word. Uitdagings wat verband hou met die strokiesprent se prosodiese effek (wat deur die nieverbale elemente geskep word) kan opgelos word deur die BT-effek na te boots om 'n soortgelyke speelse of humoristiese effek in die DT te skep – kopiëring, teksaanpassing of kulturele ooreenstemming sal tipies goed hiervoor werk.

Oplossings soos hersegmentasie of kompensasie wat inligting, of dialoog en illustrasies (in die geval van strokiesprente) op nuwe maniere of op nuwe plekke aanbied, sal belemmer word deur die beperkte ruimte binne en buite die spraakborrel. Insgelyks sal oplossings wat inligting, dialoog of nieverbale elemente oor 'n groter teksruimte versprei (soos eksplisitasie of veelvoudige vertaling) ook nie tydens strokiesprentvertaling bó oplossings gekies word wat die beperkte ruimte doeltreffend gebruik nie, byvoorbeeld spesifikasie of om iets implisiet te maak. Alhoewel *veralgemening* as 'n oplossing geklassifiseer word wat teks oor 'n groter teksruimte versprei, is dit in hierdie ondersoek gebruik om juis meer ruimte in die spraakborrel beskikbaar te stel (sien die voorbeeld van *grondboontjieberbroodjie*). Nietemin bied Pym (2018) se oop tipologie gelukkig oplossings vir sowel suiwer verbale uitdagings as multimodale uitdagings, aangesien dit verbaal én nieverbaal toegepas kan word. Soos reeds genoem, hang die oplossing egter af van die vertaalbenadering wat gevolg word om 'n bepaalde doel te bereik.

Met hierdie artikel is daar gepoog om op navorsingsvlak by te dra tot die veld van Vertaalwetenskap, naamlik strokiesprentvertaling, wat moontlik verder kan oorvloei na hoe daar in die praktyk oor strokiesprentvertaling gedink word. My ondersoek laat blyk dus dat strokiesprente 'n waardevolle studieonderwerp is wat 'n uitdagende, veelvlakkige en komplekse, maar tog verrykende, kreatiewe en stimulerende vertaalproses verseker. Die belang van hierdie soort navorsing is opvallend, omdat dit nie net op verbale vertaalverskynsels staatmaak nie, maar juis toon hoe die vertaling van multimodale tekste soos strokiesprente Vertaalwetenskap verryk en dat daar geen rede is om nie hierdie uitdaging aan te durf nie. Semiotiek kan vertaalnavorsing help om weg te breek uit die verbale boeie daarvan, hetsy mondelings óf geskrewe (Stecconi 2010:316).

Bibliografie

- Abate, M.A. 2019. "A gorgeous waste": Solitude in Calvin and Hobbes. *Journal of Graphic Novels and Comics*, 10(5–6):488–504. <https://doi.org/10.1080/21504857.2018.1523204> (28 Maart 2023 geraadpleeg).
- Ahnie, K.R. 2021. Identifying intersemiotic translation trends: A case study on Gaiman's *The Graveyard Book* and its graphic novel translation. MA-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Altenberg, T. en R.J. Owen. 2015. Comics and translation: Introduction. *New Readings*, 15:i–iv. <https://orca.cardiff.ac.uk/id/eprint/75473/1/128-564-1-PB.pdf> (30 Maart 2023 geraadpleeg).
- Bermann, S. en C. Porter (reds.). 2014. *A companion to Translation Studies*. Wes-Sussex: John Wiley & Sons.
- Borodo, M. 2015. Multimodality, translation and comics. *Perspectives*, 23(1):22–41. <https://doi.org/10.1080/0907676X.2013.876057> (30 Maart 2023 geraadpleeg).
- . 2016. Exploring the links between comics translation and AVT. *TranscUlturAl*, 8(2):68–85. <https://journals.library.ualberta.ca/tc/index.php/TC/article/view/27944> (30 Maart 2023 geraadpleeg).
- Celotti, N. 2008. The translator of comics as a semiotic investigator. In Zanettin (red.) 2008.

- Duggan, B. 2013. What is the legacy of Calvin and Hobbes? *Big Think*. <https://bigthink.com/culture-religion/what-is-the-legacy-of-calvin-and-hobbes> (28 Maart 2023 geraadpleeg).
- Eisner, W. 1985. *Comics and sequential art*. Florida: Poorhouse Press.
- Embleton, S. 1991. Names and their substitutes: Onomastic observations on Astérix and its translations. *Target*, 3(2):175–206. https://www.ingentaconnect.com/content/jbp/targ/1991/00000003/00000002/art00003?crawler=true&mimetype=application/pdf&casa_token=x7h2sltc8aaaa:jgc2ephtw-gn50qixqhaka2brchk2spcn4pd8rbkrzhsbwyom3fz4cgtutdebttay4axtfq6bf71cyteto38gq (29 maart 2023 geraadpleeg).
- Fischer, C. 2010. Hergé: The man who created Tintin, and: God of comics: Osamu Tezuka and the creation of post-World War II manga, and: Looking for Calvin and Hobbes: The unconventional story of Bill Watterson and his revolutionary comic strip (review). *Children's Literature Association Quarterly*, 35(3):320–4. <https://doi.org/10.1353/chq.2010.0004> (28 Maart 2023 geraadpleeg).
- Frick, R.W. 1985. Communicating emotion: The role of prosodic features. *Psychological Bulletin*, 97(3):412–29. <https://psycnet.apa.org/fulltext/1985-22244-001.pdf> (22 April 2023 geraadpleeg).
- Gambier, Y. en L. van Doorslaer (reds.). 2010. *Handbook of Translation Studies*. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins.
- Holmes, J.S. 1988. The name and nature of Translation Studies. In Holmes (red.) 1988.
- Holmes, J.S. (red.). 1988. *Translated! Papers on literary translation and Translation Studies*. Amsterdam: Rodopi.
- Jakobson, R. 1992. On linguistic aspects of translation. In Schulte en Biguenet (reds.) 1992.
- Kaindl, K. 1999. Thump, whizz, poom: A framework for the study of comics under translation. *Target*, 11(2):263–88. <https://doi.org/10.1075/target.11.2.05kai> (30 Maart 2023 geraadpleeg).
- . 2010. Comics in translation. In Gambier en Van Doorslaer (reds.) 2010.
- Ledin, P. en D. Machin. 2020. *Introduction to multimodal analysis*. Londen: Bloomsbury.
- Martell, N. 2009. *Looking for Calvin and Hobbes: The unconventional story of Bill Watterson and his revolutionary comic strip*. New York: Bloomsbury.
- Mayoral, R., D. Kelly en N. Gallardo. 1988. Concept of constrained translation: Non-linguistic perspectives of translation. *Meta*, 33(3):356–67. <https://id.erudit.org/iderudit/003608ar> (20 April 2023 geraadpleeg).
- Nord, C. 1997a. *Translating as a purposeful activity: Functionalist approaches explained*. Manchester: St. Jerome.
- . 1997b. A functional typology of translations. In Trosborg (red.) 1997.

O'Sullivan, C. 2013. Introduction: Multimodality as challenge and resource for translation. *The Journal of Specialised Translation*, 20:2–14. https://jostrans.org/issue20/art_osullivan.pdf (15 April 2023 geraadpleeg).

Pérez-González, L. 2014. Multimodality in translation and interpreting studies: Theoretical and methodological perspectives. In Bermann en Porter (reds.) 2014.

Pym, A. 2018. A typology of translation solutions. *The Journal of Specialised Translation*, 30:41–65. https://usuaris.tinet.cat/apym/on-line/training/2017_solutions_revised.pdf (28 Maart 2023 geraadpleeg).

Racz, G.J. 2017. Anthony Pym. Translation solutions for many languages: Histories of a flawed dream. *Translation Review*, 98(1):73–7. <https://doi.org/10.1080/07374836.2017.1329381> (1 April 2023 geraadpleeg).

Schulte, R. en J. Biguenet (reds.). 1992. *Theories of translation. An anthology of essays from Dryden to Derrida*. Chicago, Londen: The University of Chicago Press.

Sebeok, T. (red.). 1986. *Encyclopedic dictionary of semiotics*. Berlyn: Mouton de Gruyter.

Stecconi, U. 2010. Semiotics and translation. In Gambier en Van Doorslaer (reds.) 2010.

Taran, T. 2014. Problems in the translation of comics and cartoons. *Analele Științifice Ale Universității de Studii Europene din Moldova*, 1(3):90–100. https://ibn.idsi.md/vizualizare_articol/42256 (15 April 2023 geraadpleeg).

Toury, G. 1986. Translation: A cultural-semiotic perspective. In Sebeok (red.) 1986.

Tredoux, L. 2023. Vertaaluitdagings en -oplossings van strokiesprentvertaling: *Calvin and Hobbes* as gevallestudie. Honneurswerkstuk, Universiteit Stellenbosch.

Trosborg, A. (red.). 1997. *Text typology and translation*. Amsterdam: John Benjamins.

Tuominen, T., C. Jiménez Hurtado en A. Ketola. 2018. Why methods matter: Approaching multimodality in translation research. *Linguistica Antverpiensia, New Series: Themes in Translation Studies*, 17:1–21. <https://doi.org/10.52034/lansts.v17i0.522> (10 April 2023 geraadpleeg).

Watterson, B. 2001. *Calvin and Hobbes: Sunday pages 1985–1995: An exhibition catalogue*. Kansas City: Andrews & McMeel.

Zanettin, F. 2008. Comics in translation: An overview. In Zanettin (red.) 2008.

—. 2014. Visual adaptation in translated comics. *InTRAlinea*, 16:1–34. <http://www.intralinea.org/archive/article/2079> (30 Maart 2023 geraadpleeg).

Zanettin, F. (red.). 2008. *Comics in translation*. Londen, New York: Routledge.

Zanfei, A. 2008. Defining webcomics and graphic novels. *International Journal of Comic Art*, 10(1):55–61.

Eindnotas

¹ Hierdie artikel is losweg op 'n vorige studie gebaseer (sien Tredoux 2023).

² Omdat Watterson (2001:3) in die besonder intensioneel en kreatief met die gebruik van kleur was, gee die jukstaposisie van die swart-en-wit- en kleurstrokies vir lesers 'n geleentheid om die effek te oorweeg wat kleur op die narratief sowel as die inhoud het. In hierdie artikel word slegs na die kleurweergawes verwys.

³ Ek het in Tredoux (2023) hierdie vertaalopdrag self opgestel, hipoteties asof dit van 'n inisieerder (byvoorbeeld 'n uitgewer) af kom, en die vertaling van die BT se 36 kleurstrokies is daarvolgens voltooi.

⁴ Weens die hoë koste verbonde aan kopiereg word die BT-strokiesprente nie geplaas nie.

⁵ Prosodiese kenmerke verwys na nieverbale aspekte van taal, byvoorbeeld toonhoogte, ritme, rym, ens. (Frick 1985:412). Hierdie prosodiese kenmerke bewerkstellig dan 'n prosodiese effek of energie.